## 15 Februarie Johannes 15:13-15 (15:14)

### *"Vriende"*

As Jesus sy dissipels, "vriende" noem dan gebruik Hy 'n ander woord as in Matteus 22:12 en in Matteus 26:50. Hier is dit nie "kêrel" of "vent" nie maar in Grieks "*fílous*". Dit is iets soos liewe vriende, geliefdes. "Julle is My vriende as julle doen wat Ek julle beveel".

Dit is wonderlik om te weet: Ek is genooi na die bruilofsmaal van die Lam. Dit is heerlik om die bruilofsklere te dra wat Christus deur sy Gees vir my laat dra. Dit is die klere van geregtigheid wat ons Here Jesus Christus vir ons verdien het aan die kruis. Deur die geloof maak ons sy versoendienste ons eie. Deur sy krag dra ons vrugte wat by die bekering pas.

Daarom doen ons wat Hy ons beveel en noem Hy sy gelowiges sy "vriende". Daarom kan ons ons self verloën, ons kruis opneem en Hom volg.

Die pad lê vorentoe vir ons oop. Dit is 'n pad van dankbaarheid vir soveel genade; die pad van die nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel sal neerdaal. Verder maak Jesus ook aan sy vriende bekend dat Hy weer sal terugkom om ons liggaamlik uit die dood te laat opstaan. Waarlik, die grootste verrassing van alle tye vir al sy uitverkorenes. Dan sal ons hoor: "My vriende, my kinders, geseëndes van my Vader, kom geniet die feesmaal wat vir julle berei is van voor die skepping af'. Geagte leser, is u sommer 'n vent of een van Jesus se vriende in sy koninkryk?

Sing: Psalm 40:5 Ds. J. Venter (Brakpan)